

Pluk die someroorvloed

Borduur 'n bak vol rooiryp kersies of aarbeie om vir die kombuis te raam, of maak 'n kussing vir die luilekker somerkuiers buite. Saamgestel deur Retha Krieg



Borduur dié aarbeie vir jou huis.
foto verskaf deur DMC Creative World

Albei diagramme is in pakketvorm beskikbaar, ook 'n oulike geskenk vir 'n vriendin.

Bel DMC tolvry by 0800-210-401 vir meer inligting of as jy 'n pakket wil bestel.

Die kode vir die kersieontwerp is: XC0384-A en vir die aarbeie: XC0385-A



MATE

Die motief is 20 x 25 cm wanneer voltooi.

BENODIGDHEDE

40 x 40 cm 16 ct Aida-borduurgaas met ses steke per sentimeter

Borduurraam

Stomppuntbordurnaald no. 24

Borduurstingkatoen, DMC art 117 stringetjies van elke kleur soos op diagram op bladsy 72 aangedui

STEKE

Kruissteek met 2 stringe oor 2 drade
Agtersteek met 1 string oor 2 drade

AANWYSINGS

1. Merk die middel van die borduurgaas met rygsteke en werk die rafelrande om.
2. Span borduurgaas in die raam: plaas dit oor die binneste ring en druk die buitenste ring daaroor. Draai die skroefie vas en trek die gaas styf sodat dit oor die raam span.
3. Bepaal die middel van die diagram. Borduur volgens diagram.
4. Elke blokkie op diagram verteenwoordig een kruissteek wat in dieselfde rigting lê.
5. Pars die voltooide werk met 'n klam lap aan die verkeerde kant.
6. Raam die voltooide werk, of werk nog 'n ontwerp uit en maak kussings daarvan.

